# Vleiland gaan deur diep waters

jorisna bonthuys

KLIPTOWN (Soweto). – Hy voel partykeer soos die Bybelse Dawid wat Goliat moet trotseer wat die Klipspruit betref.

Dit is hoe mnr. Martin Ramothibe (27), omgewingsbeampte van die Mayibuye-vleilandprojek, sy persoonlike stryd van die afgelope ses jaar om die verval van dié vleilandstelsel te help stuit, verwoord.

In baie opsigte is dit 'n "spirituele uitdaging", sê hy. Een wat sy geloof in homself, en veral sy geloof in plaaslike owerhede, toets.

Destyds toe hy by dié gemeenskapbewaringsprojek betrokke geraak het, is hy deur sy familie en sy vorige meisie verkleineer. Laasgenoemde het hom gelos omdat sy óók nie kon verstaan waarom hy onbetaald as vrywilliger vir 'n vleiland wou werk terwyl bestaansmiddele tuis kortkom nie.

Ramothibe is egter steeds vasbeslote om 'n 5 km lange groen strook deur Kliptown en die ander buurte wat langs die erg besoedelde Klipspruit hier kronkel, te help vestig.

Hy is gebore in dié ou deel van Soweto, waar die ANC se historiese Vryheidsmanifes vyf dekades gelede onderteken en groot vierings hieroor onlangs gehou is.

Ramothibe sê hy het "mooi herinneringe" van 'n tyd toe hy as 'n kannetjie in dié spruit kon swem.

Sedertdien het die meeste van die voëllewe in dié gebied grootliks verdwyn. Die Klipspruit, 'n sytak van die Kliprivier, is geruime tyd reeds onder groot ekologiese druk weens onder meer industriële en mynbesoedeling.

Dié vuil wateraar, wat stroomaf vir rituele plegtighede deur tradisionele genesers en kerklui gebruik word, word deesdae versmoor deur indringerplante en rioolwater wat tussen die plakkershutte deur tot in die vleilandgebied hier stroom.

Die Klipspruit word bestempel as die mees besoedelde varswaterstelsel in die groter Johannesburg-gebied, sê mnr. Daniel Marnewick, programbestuurder van BirdLife Suid-Afrika gemoeid met gemeenskapbewaring. Dié omgewingsgroep is die afgelope paar jaar 'n vennoot in die Mayibuye-projek.

Ramothibe is een van 'n handjievol mense wat hulle sedert 2001 beywer vir 'n skoner omgewing vir die mense van Kliptown en omstreke. Dié woonbuurt is een van die teikengebiede van Mayibuye (dit beteken "om te herstel").

Dié projek poog om lede van die plaaslike gemeenskap by die rehabilitasie van die vleilandgebied te betrek. Dit doen hulle deur onder meer omgewingsonderrig by skole te verskaf, eko-groepe te vestig en die rivier skoon te maak.

Met 'n begroting van sowat R250 000 per jaar afkomstig van die Groentrust – 'n vennootskap tussen die WWF-SA en Nedbank – en geld van Premium Foods finansier hulle die afgelope vier jaar hul bedrywighede.

"Dit is 'n gemeenskap en 'n vleiland waarvan almal oënskynlik vergeet het," sê Marnewick.

"Ons uitgangspunt is om 'n gemeenskapstem oor dié verval te vestig en ingrypings van owerhede en nywerhede te noodsaak."

Vroeër vanjaar het 'n groot aantal geelvis in die Barrage gevrek toe ongesuiwerde rioolwater en industriële afloopwater in die Kliprivier gestort is en in die Vaalrivier beland het, het Beeld, susterkoerant van Die Burger, berig.

Die toestand van die riviere wat in die Johannesburgse metropolitaanse omgewing ontspring, verswak toenemend. Die vleilandgebied bevat onder meer 'n groot hoeveelheid swaarmetale wat weens dekades se besoedeling in sedimentlae neergelê is, blyk uit studies van prof. T.S. McCarthy van die Universiteit van Witwatersrand en mnr. Jaco Venter van die Raad vir Geowetenskappe.

Die Klipspruit is nie die enigste akwatiese stelsel wat in dié toestand verkeer nie.

Die druk op vleilande en riviere is feitlik oral hoog, sê mnr. Japie Buckle van die Suid-Afrikaanse Biodiversiteitinstituut se projek Werk vir Vleilande. Sowat die helfte van die land se vleilande is na skatting reeds uitgewis of vernietig.

Feitlik ál die oorblywende vleilande word bedreig – onder meer deur indringerplante en paaie wat daardeur gebou word. Ander bedreigings sluit in onsensitiewe ontwikkeling en landboupraktyke (veral die drooglegging van vleilande), die bou van damme en keerwalle (wat die watertafel beïnvloed) en brande (wat erosie en vloedgevaar vererger).

"Dit is kommerwekkend dat selfs dié bietjie water tot ons beskikking oorbenut word en dié bronne teen 'n kommerwekkende koers agteruitgaan," sê Buckle.

"In 'n waterskaars land soos Suid-Afrika maak elke vleiland saak."

Hoe nader aan ongerep natuurlike (varswater)stelsels is, hoe beter funksioneer hulle, sê hy. Dié stelsels, wat as die natuur se "niere" beskryf kan word, help onder meer om waterbronne te suiwer en vloedskade te voorkom.

Pogings om die Klipspruit skoon te maak en die aangrensende vleilandgebied te rehabiliteer, word gekortwiek deur 'n gebrek aan steun en kapasiteitsprobleme, veral op plaaslike regeringsvlak, sê mnr. Patrick Kwelepeta, projekleier van Mayibuye. Aangesien die vleiland op munisipale eiendom geleë is, is 'n vennootskap met plaaslike owerhede broodnodig om op lang termyn ekologiese verval te stuit.

"Ons doelwit is om begrip te vestig oor die direkte verband tussen mense se welstand en die stand van die omgewing," sê Kwelepeta. "Ons het nodig dat politici inkoop in ons werksaamhede.

"Ons benodig 'n verbintenis om die gebied rommelvry te maak, indringerplante te verwyder en 'n rehabilitasieplan toe te

pas. Sonder die nodige steun van plaaslike owerhede kan die soort planne wat ons vir die gebied het, waaronder 'n voëluitkykpunt en die oes van riete, nie realiseer nie."

Ondanks die uitdagings waardeur Kwelepeta en sy span in die gesig gestaar word, glo hulle dié projek hou volop belofte in.

Die regering het reeds aangedui daar is planne vir stedelike hernuwing in Soweto, wat die hervestiging van duisende mense wat tans onder die vloedlyn woon, sal insluit.

Intussen gooi mense soos Ramothibe nie die handdoek in nie.

"Dié rivier is ons rivier. As ons nie daarvoor omgee nie, wie sal?

"Ek droom van die dag dat dit weer die lewensaar van dié gebied sal word en dat vooruitsigte vir die mense van Kliptown sal verander," sê Ramothibe. "Vir my sal dít ware vryheid beteken."